Beginsels vir effektiewe gebed

1. Kry soveel moontlik inligting oor ‘n spesifieke saak wanneer jy daaroor bid.
2. Vra vir die Here wat sy wil is vir die saak waarvoor jy bid.
3. Vra die leiding van die Heilige Gees wanneer jy besig is met die werk van voorbidding.
4. Maak gebruik van die beloftes van God in die Woord wanneer jy bid. Vir verskillende situasies is daar verskillende beloftes in die Skrif.
5. Dit is goed om saam met ‘n groep te bid en die verskillende dinge wat die Here op julle hart lê om voor te bid, met mekaar te deel. Dit maak dat ons mekaar kan help en beskerm teen dwaling, maar soms dien dit ook tot versterking om te weet: ek het reg gehoor wanneer ek sien dat die Here, dit wat hy vir my gesê het, ook vir twee of drie ander gesê het.
6. Leer uit die gebedslewe van Jesus, Moses, Daniël, Elia, Paulus en ander gelowiges in die Bybel. Maak ‘n studie daarvan en pas van die beginsels in jou eie lewe toe.
7. Ons moet met vrymoedigheid en geloof na God se troon gaan wanneer ons bid, want geloof en vrymoedigheid behaag God.
8. Dit is baie goed om beide jou gebedsversoeke en antwoorde ook, neer te skryf. Dit maak dat ons:
   a) onthou om dankie te sê vir die antwoorde;
   b) onthou waarvoor ons gebid het en dan te volhard in voorbidding daarvoor;
   c) geloof versterk word wanneer ons op skrif sien hoe die Here geantwoord het.
9. Maak seker dat jou hart rein is voor God deur dat jy die Heilige Gees kans gee om enige onbelyde sonde uit te wys.
10. Erken dat jy nie werklik kan bid sonder die leiding en in werking van die Heilige Gees nie.
11. Vra God om jou geheel en al te beheer deur sy Gees.
12. Reken jou dood vir jou eie verbeelding en gebedslaste. Wees sensitief vir wat die Heilige Gees op jou hart lê om voor te bid.
13. Reken aggressief af met die vyand. Staan hom teë in die Naam van die Here Jesus Christus en met die**”Swaard van die Gees" -** die Woord van God.
14. Wees gewillig om te reageer indien God vir jou ‘n opdrag gee, of ‘n daad van gehoorsaamheid verwag.
15. **Hebreërs 11:6** sê dat God ‘n beloner is van die wat Hom soek en in **Matteus 7:7** staan daar dat God vir ons sal gee wat ons vra. Kom in geloof na God toe en weet dat Hy sal antwoord.
16. Bid in detail vir elke gebedspunt en moenie na die volgende onderwerp oorgaan voordat jy die spesifieke gebedspunt nie eers volledig deurgebid het nie.
17. Hou altyd jou Bybel byderhand sodat God jou daaruit kan lei en bevestiging wil gee.
18. Wanneer God ophou om dinge in jou gedagtes deur te gee, sluit af deur Hom te loof en te dank vir wie Hy is.
19. Die grond vir ons geloof - naamlik dat God ons sal antwoord wanneer ons bid - is dit wat aan die kruis van Golgota gebeur het. Dit gaan nie oor die intensiteit, die opregtheid of die hoeveelheid gebed nie. Dit gaan nie oor die regte woorde of oor wie jy (die bidder) is nie, dit gaan oor dit wat Jesus aan die kruis gedoen het. Dit gaan oor sy soendood, sy oorwinning oor die Bose en sy opstanding uit die dood. Dit is belangrik dat jy sal onthou dat niks wat jy sê of doen sal maak dat God na jou gebede luister nie. God luister na ons as ons in die Naam van Jesus Christus na Hom toe kom, want die Naam van Jesus het meriete voor God die Vader - sy Naam alleen.
20. Die lewe van die voorbidder is die gekruisigde lewe, ‘n lewe van gemeenskap met Jesus as die gekruisigde en opgestane Here.